# BA Inligtingsontwerp (01130102)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 4 jaar |
| **Totale krediete** | 522 |
| **Kontak** | Dr F Cassim fatima.cassim@up.ac.za +27 (0)124205188 |

## Programinligting

Hierdie program fokus op inligtingsontwerp en kandidate kwalifiseer vir toegangsvlak-aanstellings in die massakommunikasie-industrieë van grafiese ontwerp, reklame, 'branding', advertensiewese sowel as uitsaai- en uitgewerswese. Met 'n sterk sosiale onderbou inkorporeer die program ontwerpstrategieë, ontwerptoepassing en ontwerp-produkte in druk, omgewings- en skermbasismedia en -tegnologieë.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Junie jaarliks

## Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: 'n kandidaat wat oor 'n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; 'n kandidaat wat 'n gegradueerde van 'n ander tersiêre instelling is of die status van 'n gegradueerde van so 'n instelling geniet; en 'n kandidaat wat 'n gegradueerde van 'n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Kandidate wat voldoen aan die minimum vak- en prestasievereistes sowel as die TPT-vereistes van hierdie programme sal in die programme geplaas word, onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke. Bogenoemde is nie van toepassing op keuringsprogramme nie.
- Om toelating te behou, sal daar van leerders verwag word om 'n TPT van ten minste 28 in Graad 12 te behaal.
- Lewensoriëntering word uitgesluit wanneer die TPT bereken word.

| **Minimum vereistes** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Prestasievlak** | | | | **TPT** |
| **Afrikaans of Engels** | | | | |
| NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 5 | 3 | C | C | 30 |

## Addisionele vereistes

Departementele keuring is nodig om vir hierdie program te kan registreer. Alhoewel kuns as Graad 12-vak nie 'n vereiste is nie, moet 'n kandidaat sy/haar kreatiewe potensiaal en toewyding tot die gekose veld van studie

demonstreer ten einde te oorweeg te word vir die merietekeuring. Daar word derhalwe van kandidate verwag om ’n portefeulje van werk voor te lê vir merietekeuringsoorweging en, indien uitgenooi, om ’n reeks toetse af te lê, sowel as om ’n onderhoud te voer met ’n keuringspaneel. Kontak die koördineerder in hierdie verband. ’n Student wat hierdie program kies, moet gedurende die derde en vierde studiejare minstens ses weke in ’n ontwerp- of reklameateljee werk wat deur die koördineerder goedgekeur is.

## Ander programspesifieke inligting

Studente wat nie in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is nie, word vrygestel van VAG 110 en VAG 125.

## Bevordering tot volgende studiejaar

'n Student moet al die kernmodules slaag om na die volgend studiejaar bevorder te word. Afwyking van hierdie bevorderingsvereiste mag deur die Dekaan op aanbeveling van die departementshoof goedgekeur word.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan ’n student wat minstens 75% in IOW 400 en VKK 402 behaal.

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 134**

Om na die tweede studiejaar bevorder te word moet alle kernmodules geslaag word.

## Fundamentele modules

Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101) - Krediete: 6.00
Akademiese geletterdheid 110 (ALL 110) - Krediete: 6.00
Akademiese geletterdheid vir Geesteswetenskappe 125 (ALL 125) - Krediete: 6.00
Akademiese oriëntasie 101 (UPO 101) - Krediete: 0.00

## Kernmodules

Beeldskepping en visualisasie (1) 101 (ILL 101) - Krediete: 40.00
Inligtingsontwerp (1) 100 (IOW 100) - Krediete: 40.00
Visuele kultuurstudies 111 (VKK 111) - Krediete: 12.00
Visuele kultuurstudies 121 (VKK 121) - Krediete: 12.00
Visuele kultuurstudies 123 (VKK 123) - Krediete: 12.00

# Kurrikulum: Jaar 2

**Minimum krediete: 120**

Om na die derde studiejaar bevorder te word moet alle kernmodules geslaag word.

## Kernmodules

Beeldskepping en visualisasie (2) 201 (ILL 201) - Krediete: 40.00
Inligtingsontwerp (2) 200 (IOW 200) - Krediete: 40.00
Visuele kultuurstudies 211 (VKK 211) - Krediete: 20.00
Visuele kultuurstudies 221 (VKK 221) - Krediete: 20.00

# Kurrikulum: Jaar 3

**Minimum krediete: 160**

Om na die vierde studiejaar bevorder te word moet alle kernmodules geslaag word.

## Kernmodules

Beeldskepping en visualisasie (3) 301 (ILL 301) - Krediete: 50.00
Inligtingsontwerp (3) 300 (IOW 300) - Krediete: 50.00
Visuelekultuurstudies 311 (VKK 311) - Krediete: 30.00
Visuele kultuurstudies 321 (VKK 321) - Krediete: 30.00

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 120**

## Kernmodules

Navorsing: Inligtingsontwerp (4) 400 (IOW 400) - Krediete: 60.00
Ontwerpstudies 402 (VKK 402) - Krediete: 60.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.